China se Gordel-en-pad-inisiatief (Belt and Road Initiative, BRI): Die vroeë invloed op Afrika

Fanie Herman

Fanie Herman, Departement Politieke Studies en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

In September 2013 het President Xi Jinping die Gordel-en-pad-inisiatief of wat in Engels bekend staan as die Belt and Road Initiative (BRI) bekendgestel. Die inisiatief is sinoniem met die syroete wat eeue tevore deur die Chinese vorstehuise as ’n ekonomiese roete gebruik is om handel met Europa te bevorder. Die inisiatief ontvang aansienlike aandag van die internasionale gemeenskap en word oor die algemeen in ’n positiewe lig gesien deur lande wat geraak word. Die Engelse term BRI word deurgaans in die artikel gebruik, omrede dit alombekend in die literatuur is. Die hoofdoelwit van die artikel is om die vroeë invloed van die BRI op Afrika te ondersoek. Die veronderstelling is dat China se BRI gedryf word deur geopolitieke en geo-ekonomiese doelwitte om internasionale mag en status te verkry. Insigte uit teoretiese perspektiewe in die vakgebied van Internasionale Verhoudinge verklaar waarom samewerking met lande op die roetes belangrik is om mag te verkry. Die hele Afrika word by die inisiatief betrek, maar Oos- en Noord-Afrika is spesifiek van belang. Die invloed op die gebiede word uitgelig met suksesverhale, uitdagings en kritiek. President Xi Jinping se persoonlike besoek aan lande in Wes-, Oos-, Suider-Afrika en die Indiese Oseaan dien as verdere aanduiding om BRI-bande te versterk. Chinese leiers maak hulle eerste buitelandse besoeke elke jaar aan Afrikalande, wat dui op die ekonomiese en strategiese waarde van die verhouding. Die voorkoms van COVID-19 plaas die projekte nou vir eers op die agtergrond en dit word in perspektief gestel in die Afrikakonteks. ’n Belangrike bevinding is dat die BRI die potensiaal het om Afrika as ontluikende mark te ontgin, maar dat ondeursigtigheid van China se kant en Afrika se finansiële skuldlas die inisiatief belemmer. Verder is die Afrikakontinent ’n gunstige speelveld vir China om sy internasionale geopolitieke en geo-ekonomiese ambisies aan te help.

Trefwoorde: BRI se vroeë invloed op Afrika; geopolitiek en geo-ekonomie van die BRI; Internasionale Verhoudinge-perspektiewe op die BRI; Gordel-en-pad-inisiatief; Sino-Afrika-verhoudinge

Abstract

The Belt and Road Initiative (BRI): The early influence on Africa

This article touches on the early influence of China's Belt and Road Initiative (BRI) on Africa. A brief reference to the original silk route and the basic features of the modern-day equivalent are presented as an overview. An examination of the geopolitical and geo-economical dimensions of the BRI points to China's pursuit of global power status. In Africa, the BRI focuses on the creation of infrastructure and a business marketplace to facilitate the free flow of goods and products between China and Africa. Theoretical perspectives in the field of International Relations (IR) provide an analytical explanation to the question: Is the BRI based on the liberal school in IR which promotes cooperation between countries for mutual economic benefit or is it based on the realist school in IR which emphasises the expansion of global political power? The analysis reveals that both schools of thought play a role in explaining China's BRI ambitions.

The early influence of the BRI on Africa is the main part of the article. At this stage it is too early to draw any significant conclusions about the influence of the BRI on Africa; however, the position of President Xi Jinping, the value of the different regions, and the challenges and criticism facing the BRI are examined. The main finding is that the BRI gives rise to the expansion of China's geopolitical and geo-economical power in Africa.

An historical overview of the BRI shows that China originally established a silk route in the Han dynasty (206 BC) to promote trading with countries in Central Asia. The BRI as the modern-day equivalent was adopted by the Chinese government in 2013 as a global infrastructure development strategy. The aim is to promote trade between China and Africa and facilitate cooperation in multilateral organisations and discussion forums, such as the Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC). The initiative will connect the global community through investments, including connectivity, policy coordination, trade facilitation, infrastructure, financial integration, and people-to-people exchanges. During official visits to Indonesia and Kazakhstan President Xi Jinping announced the strategy and in 2017 it was incorporated into the Constitution of the People's Republic of China (PRC). The overland routes for road and rail transportation are referred to as the Belt, whereas transportation by sea is referred to as the Road. Some international observers view the initiative as a plan for Chinese world domination through a China-centred global trading network. The project has a target completion date of 2049, which coincides with the 110th anniversary of the PRC.

China desires to expand its influence across the globe through this very ambitious project. Indeed, the project will enhance China's economic and strategic influence and promote its status as an international role-player. By increasing cooperation with interested countries, China wishes to strengthen its political and economic power. Moreover, the initiative will help to satisfy China's domestic economic needs and bring wealth and prosperity to the Chinese people. The BRI is also a means to counter American power in the countries along the routes and to convince the world that China desires peace and development.

From the perspectives of IR theory, the BRI shows elements of liberalism and realism. The liberal perspective portrays China as a peaceful and benevolent role-player, where countries along the routes cooperate to achieve mutually beneficial results. The realist perspective portrays China as pursuing power through aggressive and self-interested means. The BRI

shows signs of China's effort to expand power; for example, prosperity creation in countries along the routes through the provision of financial, political, and cultural resources. While the BRI is essentially a platform to advance international cooperation and common benefits for all cooperating countries, it also provides an opportunity for China to expand power and pursue world economic dominance. Access to international markets is strengthened through the increase of power (offensive realism), while national interests are increased through security (defensive realism).

Following the above background, the main focus of the article is to examine the early influence of the BRI on Africa. China and Africa have a friendship that stretches back many decades. Historically, certain parts of Africa were important trading centres on the maritime route, creating economic growth, social stability, and cultural progress. President Xi Jinping at the last FOCAC Summit in 2018 emphasised the collaboration needed between Africa and China to achieve a common destiny and mutually shared benefits. The BRI has specific implications for the regions of Africa and that is pointed out in this section. Firstly, the countries in East Africa (Djibouti, Ethiopia, Kenya, Ruanda, Uganda, and Tanzania) are strategically important on the maritime route. These countries have ports and are viewed as the gateways to East Africa. Secondly, Egypt, Algiers and Morocco as Northern African countries are located next to the Mediterranean Sea and serve as important hubs to connect China with Europe through the Suez Canal. Thirdly, the Southern Africa Development Community (SADC) is in cooperation with the BRI to implement its industrialisation strategy. Infrastructure development is important for both groups to place Africa on the path of progress.

Apart from all the success stories, there are many challenges. Firstly, the capacity of African countries to effect stable economic growth needs to be improved. Regional conflicts, weak economic drivers, limited national capacity, and a lack of talent place a damper on the execution of the initiative. Secondly, the business environment in Africa needs to be improved, by creating more jobs and acquiring capital for BRI investment projects. In the context of the many obstacles China faces with the BRI, it is also necessary to look at the critique and challenges from the African side. China's self-interested economic ambitions receive the scrutiny of western observers. For example, the inability of African countries to pay back infrastructure development debt, the so-called debt-trap, is a big discussion point. The implication is that African countries become economically dependent on China, where large amounts of money are invested in economic development in exchange for the procurement of valuable natural resources.

Moreover, the BRI has the potential to cause conflict between the United States and China because of their different approaches to economic development and the deliberate attempt by China to create a sphere of influence in Africa. The perception of western analysts is that China's international behaviour is becoming more assertive and the BRI is one phase in its arsenal of diplomatic instruments to achieve world economic dominance. However, the Chinese viewpoint is that the BRI carries the economic interests of African countries at heart and will create a win-win situation through mutual cooperation.

The findings reveal that the BRI has the potential to develop Africa as an emerging market, but China's opaqueness and Africa's financial debt are burdens in the effective management and coordination of the initiative. Furthermore, Africa is part of China's geopolitical and geo-economic ambitions: geopolitically, because China desires to increase its political power in the BRI regions and geo-economically, because China desires to benefit economically from trading

with cooperative countries. In terms of the last statement, the geo-economic nature of the BRI refers to China's use of economic instruments to pursue geopolitical goals. This includes building infrastructure and opening trade routes to earn the reputation of an international superpower.

Keywords: Belt and Road Initiative; BRI's early influence on Africa; geopolitics and geo-economics of the BRI; International Relations perspectives on the BRI; Sino-African relations

1. Inleiding

China se geopolitieke en geo-ekonomiese ambisies is 'n wesentlike element van die BRI. Die inisiatief skep geleenthede vir China om die besigheids- en strategiese landskap van Afrika te betree. Kanale word ook geskep om interkontinentale en handelsbande met Europa uit te brei. Die BRI is 'n Chinese program met die hoofdoelwit om handel tussen China en lande op die roetes aan te moedig. Die hoofkenmerke van die BRI is diversiteit, onafhanklikheid, ekonomiese balans en volhoubare ontwikkeling (Calabrese 2019). Verder poog die inisiatief om streek-samewerking en kommunikasie tussen verskillende beskawings te versterk en wêreldvrede en stabiliteit te bevorder (Zou 2018).

Die BRI het twee belangrike komponente: die Landelike Syroete (die antieke roete na Europa deur China en Sentraal-Asië) en die Maritieme Syroete (die seeroete wat China met Europa en die horing van Afrika sal verbind). Die BRI absorbeer ook ander roetes wat alreeds ekonomies aktief is, byvoorbeeld die China-Pakistan-handelsnetwerk (Chatzky en McBride 2020).

Afrika en China het 'n vriendskap wat lank terug strek. Histories was sekere dele van Afrika belangrike handelsentrums op die maritieme roete, wat ekonomiese groei, sosiale stabiliteit en kulturele vooruitgang teweeggebring het. Hier word verwys na die ontdekkingsreise van die seevaarder Zheng, wat onder opdrag van keiser Yongle, die ooskus van Afrika in die jaar 1500 bereik het (Wang en Meng 2018).

Baie waarnemers is skepties oor China se rol in Afrika se ontwikkeling en voer aan dat self-gesentreerde ekonomiese belang die hoofoorweging vir die BRI is. Oor die algemeen is die lande wat op die roete geraak word nie in staat om die infrastruktuur self op te rig nie, vanweë die onvermoë om finansiële lenings van ryk westerse donateurs te bekom, korrupsie onder amptenare verantwoordelik vir die bestuur van projekte en gebrek aan kennis om sulke gespesialiseerde projekte aan te pak. Dit maak hulle afhanklik van China wat nie skroom om groot bedrae geld uit te leen nie in ruil vir die verkryging van hulpbronne en indien die lande nie kan terugbetaal nie, die beslaglegging op eiendom. Aan die ander kant wil China ekonomiese samewerking met Afrika deur middel van die BRI bevorder en wil dit voorkom of China wel daarin geïnteresseerd is om die ekonomiese belange van Afrika op die hart te dra (McBride 2020).

Die BRI streef in wese daarna om China as 'n internasionale grootmoondheid te vestig en die oprigting van infrastruktuur en China se aanbod om die lande ekonomies te help ontwikkel is die hoofoorwegings. In die konteks van China se magsopbou en internasionale ambisies kan die artikel meer lig werp op China se doelwit om ekonomiese heerskappy in die wêreld te verkry. Afrika speel 'n rol in dié verband, vanweë die waarde wat die BRI kan toevoeg om strategiese roetes te help ontwikkel wat in die ekonomiese aptyt van China kan voorsien. Afgesien van die voordeel vir China self, hou dit ook voordele vir die lande op die roetes in.

Die BRI is egter nog in sy beginfase en daar moet hard gewerk word voordat die inisiatief tot sy volle reg kom.

In die laaste 30 jaar, het China ekonomiese dubbelsyfergroei beleef, wat dit die wêreld se tweede grootste ekonomie in nominale waarde en nommer een in koopkragpariteit maak. Die Verenigde State van Amerika (VSA) is steeds die wêreld se grootste ekonomie. Dit is 'n besonderse mylpaal vir enige land ter wêreld om dubbelsyfergroei oor drie dekades te handhaaf. Voordat China dié prestasie behaal het, was Japan en Suid-Korea in die tweede en derde plekke. Volgens die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), het China se bruto binnelandse produk (BBP) in 2018 op 14 triljoen Amerikaanse dollar gestaan met 'n gemiddelde groeikoers van 6% tot 7% in die laaste tien jaar (Jones 2020). Volgens die Asia Power Index, saamgestel deur die Lowy Institute van Australië, word China as Asië se supermoondheid gesien. Die meeste van die groot internasionale maatskappye maak nuwe fabrieke en kantore in China oop, of het dit alreeds gedoen (Dupont 2016).

Ander aspekte wat China se aansien as grootmoondheid verhoog is die volgende:

1. Verdediging: Vandag het China die grootste weermag in die wêreld met twee miljoen aktiewe lede in die Chinese Bevrydingsleër, oftewel People's Liberation Army (PLA). China het in 2018 effens meer as 'n derde van die VSA se militêre begroting en 13% van die globale militêre begrotings spandeer. Volgens die Amerikaanse weermag groei die PLA teen 'n ontsaglike tempo en kan binnekort 'n bedreiging inhou vir Amerikaanse militêre superioriteit (Stockholm International Peace Research Institute 2020).
2. Tegnologie: China groei baie vinnig as 'n tegnologiese moondheid. Die twee grootste internetmaatskappye, Alibaba en Tencent Holdings, is leiers in aanlyn speletjies, sosiale media en e-handel. Cutting-edge Mavic Pro Drone beheer 70% van die kommersiële hommeltuigmark; all-inclusive app, WeChat en TikTok is internetgebaseerde maatskappye wat die tegnologiese innovasie van China uitlig. Die ontwikkeling van siviele en militêre tegnologieë word verder aangehelp met die beskikbaarstelling van 5G, semigeleiers, mikroskyfies en kunsmatige intelligensie (KI). Die regering het alreeds biljoene dollars daaraan spandeer (Savic 2020).
3. Sagte mag: Dié begrip verwys na die vermoë van een party om 'n ander party te beïnvloed, sonder die gebruik van geweld. In die politiek beteken dit die invloed van regerings op ander regerings deur die gebruik van diplomasie, gedeelde belange en ekonomiese gunsies (Nye 2004:10). China het strategieë ontwikkel om sy sagte mag uit te brei. Sagte mag word op verskeie gebiede bestuur, byvoorbeeld toerisme, onderwys, sport en kultuur. Die Confucius Institutes is gestig om Chinese kultuur en taal internasionaal te bevorder en op die oomblik is daar 350 van die institute regoor die wêreld. Soos wat die invloed van die VSA besig is om te kwyn, wil China na die wêreldmark uitreik. Die BRI help China om sy globale doelwit van ekonomiese oorheersing en grootmoondheidstatus te verkry (Zhu, Edney en Rosen 2019:5–10).

Afgesien van die inleiding wat in breë trekke die doel van die artikel weergee, word die volgende aspekte ook ondersoek: 'n Oorsig van die BRI word geformuleer, die geopolitieke en geo-ekonomiese oorwegings word uitgelig, insigte uit teoretiese perspektiewe in die vakgebied van Internasionale Verhoudinge word aangewend om die BRI te ontleed, die vroeë invloed van die BRI op Afrika word bespreek en laastens word 'n samevatting van die belangrikste bevindings gegee. 'n Kort beskrywing van elke afdeling volg hier onder:

1. Afdeling twee skets 'n oorsig van die BRI deur die volgende vrae te beantwoord: Wat was die oorspronklike syroete en wat is die planne en voor- en nadele van die BRI?
2. Afdeling drie kyk na die geopolitieke en geo-ekonomiese dimensies van die BRI. China maak sy internasionale politieke skuiwe om mag na te jaag en sy status te bevorder. Ten opsigte van China se BRI-Afrikastrategie is die fokus op die skepping van handelsroetes vir die vrye vloei van produkte en dienste en dit kan bereik word deur die oprigting van infrastruktuur. Die argument is dat dit handel gaan vergemaklik wanneer die BRI finaal in werking tree.
3. Afdeling vier kyk na perspektiewe in die vakgebied van Internasionale Verhoudinge om 'n teoretiese grondslag vir die BRI te gee. Die bespreking sentreer rondom die volgende vrae: Is die BRI primêr daarmee gemoeid om China ekonomies te help ontwikkel en by te dra tot die inwyding van 'n nuwe era van globale voorspoed en interafhanklikheid – 'n Chinese weergawe van liberale internasionalisme? Of gaan dit hier oor tradisionele magspolitiek soos deur die realistiese denkskool verwoord?
4. Afdeling vyf kyk na die vroeë invloed van die BRI op Afrika. Op hierdie stadium is dit te vroeg om enige noemenswaardige gevolgtrekkings te maak oor die invloed van die BRI op Afrika. Dit is wel belangrik om te kyk na die posisie van president Xi Jinping, die waarde wat die verskillende streke vir die BRI inhou en ook die uitdagings en kritiek wat die BRI in die gesig staar. Daar word kortliks verwys na die wêreldwye pandemie se effek op die BRI in Afrika.
5. Die gevolgtrekking gee 'n samevatting van die belangrikste bevindings van die artikel.

Figuur 1. Kaart van die BRI
(Bron: https://www.zerohedge.com/sites/default/files/images/user3303/imageroot/2017/10/20/20171021_obor.png)

2. ’n Oorsig van die BRI

Die BRI, wat ook bekend staan as die One Belt and One Road Initiative (OBOR), is ’n ontwikkelingstrategie voorgestel deur die Chinese regering en fokus op die aansluiting van China per land en see met die Europese vasteland. Die inisiatief poog om infrastruktuur-ontwikkeling en beleggings met bykans 70 lande en internasionale organisasies in Asië, Europa en Afrika te onderhandel en daar te stel (Calabrese 2019). Die leier van die Republiek van China, Xi Jinping, het die BRI oorspronklik voorgestel na amptelike besoeke in 2013 aan Indonesië en Kazakstan (Chen 2019:3227). Die Chinese regering bemark die inisiatief om streeksamewerking te bevorder en ’n duideliker toekoms vir al die samewerkende lande te verseker. Sekere waarnemers sien dit as ’n poging deur China om dominansie in internasionale aangeleenthede uit te oefen met die daarstelling van ’n Chinees-gesentreerde handelsnetwerk. Die teikendatum vir die voltooiing van die projek is 2049, wat saamval met die 100ste bestaans-jaar van die Republiek van China (Jones en Zeng 2019:1416).

2.1 Wat was die oorspronklike syroete?

Die oorspronklike syroete het ontstaan gedurende die weswaartse uitbreiding van China se Han-vorstehuis (206 v.C.), wat handelsnetwerke met die Sentraal-Asiatiese lande van Afghanistan, Kazakstan, Kirgistan, Tadjikistan, Turkmenistan en Oesbekistan, asook hedendaagse Indië en Pakistan, gesluit het. Die roetes het meer as 4 000 kilometer na Europa ingesluit. Sentraal-Asië was dus die middelpunt van een van die eerste golwe van globalisasie wat die Ooste met die Weste verbind het en gelei het tot groot welvaart met kulturele en godsdienstige tradisies. Waardevolle Chinese sy, speserye, edelstene en ander goedere het weswaarts beweeg, terwyl China goud, metale, ivoor en glasware ontvang het. Maar die kruistogte, asook die verowering van gebiede deur die Mongole in Sentraal-Asië, was ’n terugslag vir handeldryf en vandag is die lande (Kazakstan, Kirgistan, Tadjikistan, Turkmenistan en Oesbekistan) ekonomies van mekaar geïsoleer. Interstreekhandel verteenwoordig slegs 6,2% van alle ekonomiese oorgrens-verkeer (Chatzky en McBride 2020).

2.2. Wat is die planne vir die BRI?

Xi se droom met die BRI sluit in die oprigting van ’n wye netwerk van spoorweë, energiepypyplyne, snelweë en grensbeheerposte, wat in ’n westelike rigting deur die voormalige Sowjetrepublieke beweeg en suidwaarts na Pakistan, Indië en die res van Suid-Oos Asië. So ’n netwerk sal die internasionale gebruik van die Chinese geldeenheid (renminbi) verhoog en finansiële transaksies wat tussen lande in Suid-Oos Asië bestaan, vergemaklik. Die Asiatiese Ontwikkelingsbank voer aan dat daar jaarliks ’n tekort van 800 miljoen Amerikaanse dollar is om projekte in die streek te finansier. Bykomend tot die infrastruktuurprojekte beplan China om 50 spesiale ekonomiese sones te bou, geskoei op die spesiale ekonomiese sone van Shenzhen, wat China in 1980 voltooi het om ekonomiese verkeer in die gebied te versnel. Ten einde seehandel te versnel, beplan China verder om hawens te bou waar die Indiese Oseaan deel van die roete uitmaak (Jones en Zeng 2019:1416).

Die BRI is daarop gemik om stukrag aan China se geopolitieke en ekonomiese ambisies te gee. ’n Aggressiewe ekonomiese beleid kan China help om nuwe markte te skep om sy goedere te verhandel. Waarnemers sien die BRI as een van China se hoofdoelstellings om sy “Made in China 2025”-strategie op die wêreldverhoog af te druk. Terselfdertyd is China gemotiveer om sy westelike streke, wat ekonomies verwaarloos is, te versterk. In breë terme gesien, is die

leierskap vasberade om die ekonomie te herstruktureer ten einde die middelinkomstegroep se lewensgehalte te verbeter. So ’n stap sal bydra tot die verhoging van salarisse en groter fokus op die vervaardiging van hoërkwaliteitgoedere en -dienste (Chatzky en McBride 2020).

3. Geopolitieke en geo-ekonomiese oorwegings

Die BRI word deur verskeie waarnemers as China se nuwe geopolitieke strategie beskou. Dit het onder andere ten doel om China se invloedsfeer uit te brei en ’n nuwe internasionale ekonomiese orde en normsisteem te skep. Terwyl die Chinese regering en akademici die inisiatief op ’n hoë vlak verkondig, is die VSA, Japan en Rusland besig om teenvoeters vir China se strategiese uitbreiding te vind. Dié lande sien China se hegemoniese ambisies as die begin van ’n geopolitieke wedywering om ekonomiese en politieke beheer van lande in die streke oor te neem (Flint en Zhang 2016:5).

Tot watter mate is die internasionale gemeenskap besig om te oorreageer met betrekking tot die inisiatief? Meer spesifiek, kan gesê word dat die inisiatief China se nuwe geopolitieke strategie is? Indien nie, waaroor handel die inisiatief nou eintlik en wat is China se internasionale geopolitieke strategie? Dié deel van die artikel ontleed die strategiese dimensies van die inisiatief asook die verwagte rol in China se internasionale strategie.

Die BRI fokus op vyf prioriteitsgebiede: beleidskoördinasie, die samehang van fasiliteite, ongehinderde handel, finansiële integrasie en interpersoonlike (mens-tot-mens) verhoudinge (Ministry of Foreign Affairs of the PRC 2015). Die BRI was ’n vae idee in die beginstadium – die aanvanklike plan van die Chinese regering was om samewerking met buurlande te versterk, sonder dat deeglike doelwitte en benaderings geformuleer is oor hoe om dit uit te voer. Die leierskap van die Chinese Kommunistiese Party (CKP), volgens tradisie, stel met elke nuwe president wat ingehuldig word, ’n nuwe internasionale strategie op (wat gewoonlik nie veel afwyk van vorige leierskapstrategieë nie). Dit is gebaseer op nuwe persepsies en omvattende assesserings van die plaaslike en internasionale omgewings. President Xi Jinping is geen uitsondering nie. Nadat hy in November 2012 verkies is as Sekretaris-Generaal van die CKP het die strategiese besluitnemingsirkel ooreengekom dat China deur drie hoofuitdagings gekonfronteer word: Die eerste was industriële oorkapasiteit en swak ekonomiese groei, wat breër internasionale samewerking vir groter oorsese markte noodsaaklik gemaak het; die tweede was ’n verlangsaming in die wêreldekonomie en potensiële retrogressie van globalisering, wat aanleiding gegee het tot ’n nuwe rondte van streeksamewerking, soos byvoorbeeld APEC en ASEAN; en die derde was die Obama-administrasie se Asië-herbalanseringstrategie (Asia-Rebalancing Strategy) wat ’n strategiese vervreemding tussen China en sy nabygeleë bure veroorsaak het. Hier word verwys na Japan, Viëtnam en die Filippyne (Giancarlo 2019).

Dit was op hierdie gronde dat president Xi die BRI voorgestel het om nuwe maniere van internasionale ekonomiese samewerking te ondersoek en daarby spanning tussen China en sy buurlande te versag. Dit is in samehang met China se vreedsame ontwikkelingstrategie van die vorige dekade onder president Hu Jintao. Tydens ’n vergadering van die Sentrale Komitee van die CKP (Politburo) oor hoe om verhoudinge met buurlande te verbeter, is daar vir die eerste keer na die BRI verwys as ’n gekombineerde inisiatief. Die inisiatief is later as ’n geskrewe dokument in die derde voltallige sitting van die 18de sessie van die CKP se Nasionale Kongres

ingesluit (Giancarlo 2019). Dit is op dié stadium dat die BRI plaaslik en internasionaal verkondig is – voordat 'n bloudruk beskikbaar was.

Sewe jaar na die bekendstelling van die BRI, is dit China se hoof- internasionale samewerking-strategie. Teen die einde van 2019 het China samewerkingsooreenkomste met meer as 100 lande en internasionale organisasies gesluit. Veral belangrik is dat die BRI konkrete bewyse lewer van infrastruktuurontwikkeling, handel- en nywerheidsamewerking, die gesamentlike konstruksie van industriële parke en vryehandelsones, finansiële samewerking en kulturele uitruilprogramme. Dié gebiede dui op die ekonomiese en sosiale vooruitgang van China en lande op die roetes (State Council Information Office 2018).

As die eerste inisiatief voorgestel deur 'n ontwikkelende land vir wêreldwye ekonomiese samewerking, openbaar die BRI 'n sterk bereidwilligheid van die Chinese leierskap om meer betrokke te raak in die wêreldekonomie deur middel van hervorming, 'n oopdeurbeleid en die verhoging van China se rol in die globale ekonomiese en politieke arenas (Flint en Zhang 2016:5).

Daar is spanning tussen China en sy buurlande oor die BRI. Dit word vererger deur streeks-geskille. Die Suid-China See-geskil staan aan die voorpunt en handel oor die regsbevoegdheid en administrasie van maritieme kenmerke soos sandbanke, rotsbanke, eilandjies, territoriale gebiedswaters en eksklusiewe ekonomiese sones in waters waarop Viëtnam, Filippyne en Taiwan aanspraak maak (Kipgen 2020:5). Dit is 'n konflikpunt op die BRI se maritieme roete en gaan lei tot vertragings, veral deur die baie besige Straat van Malakka. Meer as die helfte van die wêreld se olie wat per see vervoer word, gaan deur die Suid-China See op pad na bestemmings in China, Suid-Korea, Japan en Taiwan (Kipgen 2020:6). China is ook in konflik met Indië gewikkel. Afgesien van geskille oor die lang grenslyn en aan watter land die grondgebied (Galwanvallei) behoort, vlieg beskuldigings van China se kant dat Indië paaie en landingstroke bou met die doel om sy vervoernetwerk en kommunikasie in die gebied te verbeter. Indië het ook ambisies om 'n ekonomiese moondheid in die streek te word en met China se landelike BRI wat deur Sentraal-Asiatiese lande loop, verhoog dit die potensiaal vir ekonomiese wedywering tussen die twee lande (Hoffmann 2018:10).

Daar word geglo dat nouer ekonomiese bande en interpersoonlike verhoudings sal help om respek en vertroue te wen en 'n veilige omgewing vir samewerking te skep. In hierdie verband is die BRI 'n gepaste strategie om langtermynontwikkeling vir die streek te verseker (Yu 2019:187–8).

China beweer dat die BRI nie bedoel is om die land se invloedsfeer uit te brei nie; dit is ook nie 'n geopolitieke strategie om met die VSA of enige ander land vir streeksoorheersing te kompeteer nie. Eerstens is die uiteindelike doel van die BRI om die lande op die roetes aan te spoor om vrywillig betrokke te raak by die ontwikkeling van hulle streke op 'n gelyke basis en nie die afdwing van China se politieke wil op die leierskap nie (Yu 2019:189). Tweedens fokus die BRI op spesifieke besigheids- en sosiale projekte om ekonomiese en sosiale verhoudinge te verbeter (die vyf konnektiwiteite), in plaas daarvan om die magsbalans te verander en die sekuriteit van die streke oor te neem. Derdens is die BRI 'n oop en inklusiewe inisiatief wat die beginsels van openheid, konsultasie en wedersydse voordeel onderskryf. Alle lande is welkom om deel van die inisiatief te word – die VSA ingesluit. Deelname is gebaseer op 'n stel reëls en norme wat internasionaal aanvaarbaar is en afhanklik is van fondse, tegnologie

en talent vanoor die hele wêreld. Die BRI is dus ’n geo-ekonomiese strategie wat globale ekonomiese ontwikkeling voorstaan (Heiduk en Sakaki 2019:95–6).

4. Insigte uit teoretiese perspektiewe in Internasionale Verhoudinge op die BRI

Hierdie afdeling ondersoek China se BRI-gedrag aan die hand van die twee hoofstroom-denkskole in Internasionale Verhoudinge, naamlik realisme en liberalisme. Die doel is nie om ’n breedvoerige ontleding te gee van al die aannames en begrippe wat die grondslag van die teoretiese perspektiewe vorm nie, maar slegs die punte toe te lig wat van analitiese waarde geag word.

Studies met betrekking tot China se BRI wys dat dit elemente bevat wat akademies gesproke aansluit by die denkskole van liberalisme en realisme. Die finale doel is offensief (die vermeerdering van mag) en die middel om die doel te bereik is defensief (die vermeerdering van sekuriteit). Die liberale perspektief beeld China as ’n vredeliewende en welwillende rolspeler uit, waar al die lande saamwerk om ’n beter samelewing en ekonomie te bou (Voon en Xu 2018:123). Die uitgangspunt van realisme is die strewe na magsuitbreiding, meestal om self-gesentreerde belange en hegemoniese ambisies te bevredig (Nicolas 2015:6).

Die uitgangspunt wat aanvoer dat mag vermeerder kan word sonder om aggressief op te tree teenoor ander lande is ’n sterk aanduiding van China se BRI-ambisies. Dit sluit aan by die liberale perspektief in Internasionale Verhoudinge en poog om samewerking te fasiliteer deur middel van gesprekvoering in multilaterale organisasies. Die liberale perspektief fokus op wen-wenverhoudings en wedersydse voordeel, veral op die gebiede van ekonomie en handel (Ratanavaraha 2018:5).

’n Ander uitgangspunt voer aan dat mag vermeerder kan word deur die aanwending van militêre middele en aggressiewe gedrag. Dié uitgangspunt sluit aan by die denkskool van realisme in Internasionale Verhoudinge en poog om eerstens die nasionale sekuriteit van die lande te verseker deur militêre ooreenkomste met ander lande te onderhandel, hetsy bilateraal of multilateraal. China se lidmaatskap van die Shanghai Cooperation Organisation (SCO) is ’n voorbeeld van ’n streeksorganisasie wat sekuriteit bevorder, terwyl bilaterale strategiese vennootskappe met verskeie ander lande gesluit is (Nicolas 2015:7). Tweedens is die oprigting van oorsese militêre basisse ’n aansporing vir die projeksie van voorwaartse militêre mag en dit word gekenmerk deur aggressiewe, dominerende gedrag om die doelwitte te bereik. China se oprigting van militêre basisse om sy BRI-projekte op verskeie seeroetes te beskerm is ’n langtermynprojeksie. Op die huidige stadium het die land net een oorsese basis in Djiboeti, maar beplan ’n volgende basis in Pakistan (The Guardian 2019).

Die liberale komponent in die Chinese regering streef na die oprigting van multilaterale forums om samewerking te bevorder. Dit sal help om voordele vir almal beskikbaar te stel, kommunikasie tussen die lande bevorder, die ekonomieë van samewerkende lande verbeter en nuwe finansiële instellings op die been bring (Karlis en Polemis 2019:4). Die komponent in die Chinese regering wat in hulle optrede by die akademiese denkskool van realisme aansluiting vind, is een waar mag en die nastrewing van nasionale belang vooropstaan. Die middele sal geleidelik lei tot die einddoel, naamlik wêreldoorheersing (Nicolas 2015:7).

Deur die liberale lens gesien, word die gemeenskaplike belange van al die samewerkende lande eerste gestel en hulle eie belange tweede. ’n Positiewe aspek van liberalisme is dat geen konflik en aggressiwiteit gesamentlike projekte in die wiele ry nie. Lande deel in mekaar se suksesse en mislukkings. China het in die Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC) verklaar dat hy bereid is om saam met Afrikalande te werk aan ’n toekoms wat voordele vir almal inhou. Die BRI as ’n buitelandse beleidsdoelwit van die Chinese regering is geskoei op dieselfde beginsels as FOCAC, naamlik om gemeenskaplike voordeel en gedeelde ekonomiese vooruitgang vir al die samewerkende lande te onderhandel (Zhou en Esteban 2018:491–2).

Internasionale organisasies en ekonomiese interafhanklikheid is sterk begrippe in die liberale perspektief. Onderhandeling by die forums het ten doel om meganismes te ontwikkel wat die belange van die samewerkende lande kan saamvoeg en gedeelde resultate kan lewer (Weinhardt en Ten Brink 2019:260). Interafhanklikheid het twee implikasies vir Afrikalande. Eerstens kan hulle saamwerk en deel in die wedersydse voordele en tweedens kan hulle weier om saam te werk (defeksie) en hulleself blootstel aan Chinese strafmaatreëls. Voorbeelde van strafmaatreëls sluit in die weerhouding van lenings en die instel van verhoogde renteterugbetalings.

Die Asian Infrastructure Investment Bank (AIIB) is in 2015 gestig om lenings en finansiële transaksies tussen samewerkende lande te administreer. Samewerkende lande het onderneem om binne die raamwerk van die bank en die BRI se projekte op te tree. Die geld wat beskikbaar gestel word vir ’n projek in een land hou ook voordele in vir projekte in ander lande. Dit is dus ’n interafhanklike samewerkingsooreenkoms. Wanneer een land onttrek, verloor almal en is dit nie meer ’n wen-wensituasie nie (Weinhardt en Ten Brink 2019:261).

Akademici wat China se geopolitieke ambisies vanuit die denkraamwerk van realisme beoordeel, is van mening dat China besig is om offensiewe realisme na te jaag. Dié akademici voer aan dat konflik onvermydelik is as gevolg van ’n tekort aan hulpbronne. Lande in die internasionale politieke stelsel se hoofbekommernis is oorlewing en om te oorleef beteken dat mag uitgebrei moet word ten einde skaars hulpbronne te bekom. Dié groep akademici sien die internasionale sisteem in zero-somterme; een man se wins is ’n ander man se verlies (Zhou en Esteban 2018:489–90). Die BRI in Afrika gee China die geleentheid om hulpbronne te bekom wat noodsaaklik vir die Chinese ekonomie is om te funksioneer. China se ekonomie kan dus gehandhaaf word deur mag na die kontinent te projekteer in die vorm van ekonomiese diplomasie en ’n groter toename in militêre teenwoordigheid. Dit moet genoem word dat ekonomiese mag ’n groot rol speel in die denkskool van realisme. China gebruik ekonomiese diplomasie by wyse van die wortel-en-stok-analogie. Die wortel “ekonomiese diplomasie” verwys na die toekenning van belonings en vergoeding vir samewerking. Die veronderstelling op hierdie vroeë stadium is dat China wortels voor die neuse van Afrikaleiers hou om hulle in die versoeking te bring om met die BRI saam te werk. Dit is ’n strategie wat die VSA tydens die Koue Oorlog gebruik het om lande aan sy kant te kry. Die stok “ekonomiese diplomasie” verwys na straf- en dwangmaatreëls om lande se samewerking te verkry. In die era van Amerikaanse oorheersing op die oseane is die term “gunboat diplomacy” gebruik. Daar is militêr ingegryp om lande te forseer om te voldoen aan die VSA se reëls en regulasies. China is huiwerig om die stok “diplomasie” teenoor Afrikalande te gebruik, vanweë sy reputasie wat in die slag kan bly en ’n moontlike afplatting in ekonomiese verhoudinge wat oor baie jare gekweek is. Afrikalande sal ook skepties wees om betrokke te raak by die BRI indien hulle geforseer word om aan China se eise te voldoen. Aan die ander kant is Afrikalande ekonomies kwesbaar en is China se ekonomiese diplomasie gebaseer op lenings en vergoedings die enigste wat kontinuïteit kan verseker.

Offensiewe realisme verklaar dat grootmoondhede 'n merkbare doel het en dit is om die hegemoon in die streek te word. Die lande sal enige middel aanwend om die doel te bereik, selfs al beteken dit om in 'n oorlog betrokke te raak en ander hegemone in hulle invloedsfeer te stop. Die VSA en Rusland is die grootmoondhede wat die grootste bedreiging vir China se invloed in Afrika inhou (Ratanavaraha 2018:10).

Volgens realisme toon die BRI duidelike tekens van China se poging om mag uit te brei. Dit word gesien in welvaartskepping in lande op die roetes, deur middel van die voorsiening van finansiële, politieke en kulturele hulpbronne vir die projekte. In Asië is China hard aan die werk om 'n ekonomiese en politieke invloedsfeer in die BRI-lande te skep; sien die fortifisering van eilande in die Suid-China See en die plasing van troepe op deurgange wat deur Sentraal-Asië en Pakistan loop. Die BRI is nie slegs 'n streekstrategie nie, maar ook 'n globale strategie. Wanneer dit ten volle operasioneel is, gaan dit groot gebiede van die Eurasiese kontinent en dele van Afrika beslaan (Nicolas 2015:8–10).

Ten slotte kan gesê word dat die BRI elemente vertoon wat aansluiting vind by albei die denkskole van realisme en liberalisme. Terwyl die BRI in wese 'n platform is vir internasionale samewerking en gemeenskaplike voordele vir al die lande op die roetes bevorder, verskaf dit ook 'n geleentheid aan China om sy harmonieuse wêreld sonder grense te verkry. Toegang tot internasionale markte gaan verkry word deur middel van die vermeerdering van mag (offensiewe realisme) en dit gaan China ook toelaat om sekuriteit by die huis te vermeerder (defensiewe realisme). Die twee metodes om mag en sekuriteit te verkry komplementeer mekaar in die geval van die BRI (Zhou en Esteban 2018:491).

Laastens is hierdie hibriede karakter, in 'n mate, 'n refleksie van China se eie, unieke standpunt oor marksosialisme. Algemeen staan dit bekend as sosialisme met Chinese eienskappe. China het daarin geslaag om kommunisme suksesvol te handhaaf, nadat die land sy markte begin oop maak het vir internasionale handel. Die twee perspektiewe wat aan die teenoorgestelde kante van die spektrum gesetel is, kan China se BRI-ambisies op grond van ekonomiese samewerking en geopolitieke magsvermeerdering verklaar (Weinhardt en Ten Brink 2019:265).

5. Die BRI se vroeë invloed op Afrika

Die artikel het nou na die punt beweeg waar dit nodig is om die invloed van die BRI op Afrika te ondersoek. Die inisiatief hou verreikende gevolge vir Afrika in. Honderde miljoene of dalk selfs triljoene dollars word beskikbaar gestel vir infrastruktuur en ontwikkeling ten einde Afrika met China en die res van die wêreld te verbind (Risberg 2019). Die agentskappe primêr verantwoordelik vir finansiering, en dit sluit Afrikaprojekte in, is die staatsbeheerde Silk Road Funds, die Chinese Ontwikkelingsbank en die Uitvoer-Invoerbank van China (Exim). Twee Chinese banke, die Asian Infrastructure Investment Bank (AIIB) en die Shanghai New Development Bank, is ook hooffinansierders van die BRI (Risberg 2019).

5.1 President Xi se rol in die BRI in Afrika

President Xi Jinping het in 2018 by die FOCAC-beraad klem gelê op die samewerking wat nodig is tussen die Wêreldbank, die Afrika-Unie (AU) se Agenda 2063 en die VN se volhoubare ontwikkelingsplan vir Afrika (Belt & Road News 2019). Die AU se Agenda 2063

is ’n strategiese raamwerk vir die sosio-ekonomiese transformasie van Afrika oor die volgende 50 jaar. Dit bou op vorige en bestaande inisiatiewe vir groei en ontwikkeling en poog om die implementasie daarvan te versnel (Vickers 2017:15). Afrikalande se begeerte om te industrialiseer en hulle ekonomieë in pas met die res van die wêreld te bring, is ’n groot uitdaging en dit kan aangehelp word met die geleenthede wat die BRI bring. China het die nodige kennis en vaardighede wat hulle graag met Afrika wil uitruil om die inisiatief tot sy volle potensiaal te laat kom (Belt & Road News 2019). Die skep van geleenthede vir die jeug om die slagspreuk “the Africa we want” te laat realiseer is deur die president uitgelig. Dit is belangrik, want ontwikkelingsprogramme kan ’n groot impak op die jeug hê en hulle volwaardige leiers en entrepreneurs vir die toekoms maak (Second Belt and Road Forum for International Cooperation 2019).

Die president het by die beraad genoem dat handel tussen China en Afrika ’n jaarlikse groei toon en teen die einde van 2018 was dit die hoogste in die wêreld. Volgens die president het China se totale Afrika-in-en-uitvoere in 2018 op 204,19 biljoen Amerikaanse dollar gestaan, ’n jaar-tot-jaar verhoging van 19,7% sedert 2011. China se uitvoere na Afrika het verhoog tot 104,91 biljoen dollar, ’n jaar-tot-jaar groei van 10,8%, terwyl China se invoere van Afrika in 2018 t op 99,28 biljoen dollar gestaan het, ’n jaar-tot-jaar groei van 30,8%. In vergelyking met die VSA en ander sterk ekonomiese lande is Afrika China se grootste handelsvennoot (Ministry of Commerce, People’s Republic of China 2019).

Die president het ’n aantal ooreenkomste met leiers gesluit wat die BRI in die streke bekragtig. Die lande verteenwoordig Afrika in die weste, ooste, suide en die Indiese Oseaan wat geopolities belangrik is en spesifiek deur China geteiken word om streeksamewerking te bevorder. In Senegal het Xi ’n amptelike dokument met die regering onderteken, wat die land op die BRI-padkaart geplaas het. Senegal se unieke geografie maak dit ’n verlenging van die BRI en die hoop van China se kant is dat Senegal se deelname ’n aansporing vir ander lande in Wes-Afrika sal wees om ook betrokke te raak. In Ruanda het president Xi ’n samewerkingsooreenkoms met president Paul Kagame onderteken. Die nuwe spoorlyn wat Dar Es Salaam met Ruanda verbind, werp vrugte af omdat dit help om handel en migrasie van arbeiders tussen die twee lande te versnel. Ruanda is egter versigtig om die spoorlyn binne die landsgrense te verleng. Die land beperk die instroming van Chinese arbeiders en is versigtig om nie in die lokval van Chinese skuld te val nie (Tiezzi 2018).

In Mauritius, wat strategies goed op die roete geleë is, het die leiers ooreengekom om later ’n ooreenkoms te bereik. Mauritius het noue bande met Indië en amptenare wil nie graag tussen Beijing en Delhi kies nie. Dit sal hulle in ’n ongemaklike situasie plaas. Indië is een van die BRI se mees uitgesproke teenstanders, omrede een van die BRI se roetes deur ’n gebied in Pakistan loop wat deur Indië opgeëis word. Aan die ander kant streef Mauritius daarna om nouer ekonomiese bande met China te smee, veral vryehandelsooreenkomste wat in Mei 2018 gesluit is (Tiezzi 2018).

5.2. Die Afrika-Unie se Agenda 2063 en die BRI

Afrika se ontwikkelingsprioriteite, soos die AU se Agenda 2063, en plaaslike ekonomiese opheffingsprogramme is parallel met die BRI se doelwitte. In werklikheid is die BRI ’n projek wat daarop ingestel is om nie net China se Afrikabelange te beskerm nie, maar ook om Afrika se belange op die hart te dra. Tydens die laaste FOCAC-byeenkoms in 2018 is die BRI in dieselfde asem as Agenda 2063 en Afrikalande se individuele projekte genoem. China se

retoriek van ekonomiese ontwikkeling vind groot aanklank by Afrikaleiers en dit is belangrik om streeksontwikkeling te bevorder (Alden, Sidiropoulos en Wu 2017).

Agenda 2063 is ’n stel inisiatiewe voorgestel deur die AU en tans in die implementeringsfase. Die stel inisiatiewe is op 31 Januarie 2015 by die 24ste Vergadering van AU-staatshoofde in Addis Abeba aanvaar. Die oproep vir so ’n agenda is by die 21ste Algemene Vergadering van die AU op 26 Mei 2013 gemaak, 50 jaar na die totstandkoming van die AU. Die voorgestelde doelwitte van die Agenda is ekonomiese ontwikkeling (insluitende die uitwissing van armoede binne een generasie), politieke integrasie (spesifiek die daarstelling van ’n federale of konfederale Verenigde Afrika), verbeteringe in demokrasie en die oppergesag van die reg, die nastreef van sekuriteit en vrede op die hele kontinent, die versterking van kulturele identiteit deur middel van “African Renaissance”- en pan-Afrika-ideale, geslagsgelykheid en politieke onafhanklikheid van buitelandse magte (Bialostocka en Simelane 2016:3). Agenda 2063 sluit 15 vlagskipprojekte in, wat geïdentifiseer is as instrumenteel in die bereiking van die volgende doelwitte op alle ontwikkelingsgebiede:

’n Hoëspoedtreinnetwerk wat alle hoofstede in Afrika en kommersiële sentrums met mekaar kan verbind; die formulering van ’n strategie vir die transformering van Afrika se ekonomie van ’n verskaffer van grondstowwe tot een wat sy eie hulpbronne kan gebruik; die totstandkoming van Afrika se eie vryehandelsgebied; die bekendstelling van die AU-paspoort en die verwydering van alle visumvereistes vir sy houers; die beëindiging van oorloë, siviele konflikte, geslagsgeweld en gewelddadige konflik teen 2025; die konstruksie van nuwe damme vir watersekuriteit; die totstandkoming van ’n enkele Afrikalugvervoermark; die totstandkoming van ’n jaarlikse Afrika-ekonomieseforum; die totstandkoming van ’n stel finansiële instellings, naamlik ’n Afrika-beleggingsbank, ’n Pan-Afrika-aandelebeurs, ’n Afrika-monetêrefonds en ’n Afrika-sentralereserwebank; die skepping van ’n Afrika-digitale-datanetwerk; die ontwikkeling van ’n algemene Afrikastrategie vir ruimtenavorsing; die oprigting van ’n digitale universiteit vir afstandgebaseerde onderrig; samewerking ten opsigte van kubersekuriteit; die bou van ’n museum wat Afrika se kulturele erfenis kan bewaar en pan-Afrikanisme kan bevorder en die samestelling van Ensiklopedie Afrikana as ’n gesaghebbende hulpbron vir die outentieke geskiedenis van Afrika en sy mense (Adejumobi en Olukoshi 2019:5−7).

Die eerste tienjaar-implementeringsplan van Agenda 2063 (2014−2023), in samehang met die AU se program vir infrastruktuurontwikkeling en Afrika se geïntegreerde Maritieme Strategie 2050, vorm aan die een kant die basis vir die realisering van die BRI en dien aan die ander kant as rigtingwyser vir China se BRI-aktiwiteite op die Afrikakontinent (Demissie, Wiegel en Tang 2016:9).

Die AU is in noue samewerking met China om Afrika se ontwikkeling te bevorder. Punte van samewerking is in 2015 geïdentifiseer tydens ’n toespraak gehou deur premier Li Keqiang by die AU se hoofkantoor. Dit moet gesê word dat die samewerkingsprojekte ’n uitbreiding is van projekte voorgestel by vorige berade van FOCAC en dit bepaal die koers van China se ekonomiese diplomasie met Afrika. Die projekte is infrastruktuurontwikkeling, industrialisasie, finansiële integrasie en ekonomiese ontwikkeling (Ndzendze en Monyae 2019:7). In die afdelings oor die BRI se impak op individuele streke in Afrika word die besonderhede van die projekte meer breedvoerig bespreek, waar nodig.

Tot op hede het 43 Afrikalande vir die BRI ingeskryf, insluitende die AU. Die meeste van die BRI-projekte resoneer met die behoeftes van Afrika en sy mense. Afrika, wat die armste en

mins geïntegreerde kontinent in die wêreld is, maak die infrastruktuur-ontwikkelingsprogramme van die BRI soveel nodiger (Hakeenah 2020).

5.3 Die BRI in Noord-Afrika

Die oprigting van infrastruktuur en handelsgebiede is ’n noodsaaklike element van die BRI in Noord-Afrika. Lande in die streek word direk beïnvloed deur die maritieme syroete. Die Suezkanaal en die Middellandse See is handelsnetwerke wat China met Europa gaan verbind. Omrede Noord-Afrika op die roete geleë is, word dit as strategies belangrik beskou en China is van plan om nuwe industriële sentrums te bou, wat as afsetgebiede vir Chinese produkte kan dien en ook om tweerigtinghandel te versterk. Teen die einde van 2019 het China samewerkingsooreenkomste met 37 Afrikalande gesluit. China verwag dat die res van Afrika met verloop van tyd sal aansluit. Met die uitsondering van Mauritanië, het alle Noord-Afrikaanse lande memorandums van verstandhouding met China gesluit. Die doelwit is ’n netwerk van handelsroetes oor die hele kontinent, wat beteken verhoogde verbinding tussen Noord-Afrika, die Sahara en die Mediterreense streek (White and Case 2018).

Die BRI-visie smelt goed saam met die doelwitte van heelwat Noord-Afrikaanse lande om ekonomiese bande met Europa en sub-Sahara-Afrika te verbeter. Afrika se ekonomiese ontwikkeling word ingeperk deur ’n tekort aan intra-Afrikahandel, wat op slegs 16% staan, in vergelyking met 19% in Suid-Amerika en 51% in Asië. Die Maghreb, gekenmerk deur swak verkeer in handel en gebrekkige kommunikasielyne tussen Algerië en Marokko, het ’n koers van slegs 4,8%. Die Afrika-vryehandelsgebied en infrastruktuur soos die Trans-Afrikasnelweg word voorgestel as ’n oplossing om die agterstand uit te wis. Noord-Afrika, onder leiding van Marokko, is aktief besig om nouer bande met sub-Sahara-Afrikalande te ondersoek. In die laaste aantal jare het Marokko sy teenwoordigheid in Wes-Afrika aansienlik opgeskerp; hy het byvoorbeeld in 2017 suksesvol aangesluit by die Economic Community of West-African States (ECOWAS). In 2018 het Tunisië aangesluit by die Common Market for Eastern and Southern Africa (COMESA). Intussen het Algerië, Egipte, Marokko en Tunisië, in teenstelling met China, vryehandelsooreenkomste met die EU aangegaan, wat die trans-Mediterreense netwerk uitbrei. China sien die vestiging van ’n trans-Saharahandelsnetwerk as ’n hoofdoelwit van sy Afrikastrategie in die jare wat voorlê (White and Case 2018). Egipte was altyd belangrik vir China as gevolg van die Suezkanaal, die invloed wat Egipte in die Arabiese wêreld het, die bevolking (100 miljoen mense) en sy status as die tweede-grootste, nie-ingeskrewe lid van die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (Kfir 2018).

Nigerië het in 2018 by die BRI aangesluit en die land wys vroeë tekens van sukses. Die onlangse BRI-foto-uitstalling van belangrike infrastruktuur en industriële projekte wek groot belangstelling by Nigeriese sakelui en dui op toenemende toekomstige samewerking met China. Van die projekte wat met die hulp van China opgerig is, sluit in die gewilde Abuja-Kaduna-spoorlyn, die Abuja-massavervoerspoorlyn (Mass Rail Transit, MRT), die nuwe terminaal by die Nnamdi Azikiwe Internasionale Lughawe, Port Harcourt Internasionale Lughawe, Lekki-diepseehawe en die Lagos-Ibadan-spoorlyn (Vanguard News 2020). Infrastruktuurontwikkeling deur China in vennootskap met die Nigeriese regering het die lewe van baie Nigeriërs reeds verander. Die Kaduna-Abuja-spoorlyn is byvoorbeeld nou ’n groot trekpleister vir sakelui om vanaf die hoofstad na Kaduna as die industriële hartland van Nigerië te reis. Insgelyks is honderde Chinese maatskappye van verskillende groottes en kapasiteit besig om die Nigeriese ekonomiese landskap te verander (Vanguard News 2020).

5.4 Die BRI in Oos-Afrika

Die lande in Oos-Afrika (Djibouti, Ethiopië, Kenia, Ruanda, Uganda en Tanzanië) is strategies belangrik op die maritieme roete. Die lande beskik oor hawens en word as die toegangspoort tot Afrika gesien. Die BRI sorg vir grootskaalse infrastruktuurprojekte in dié lande, byvoorbeeld spoorlyne, snelweë, hawens, lughawens, kragsentrales en telekommunikasienetwerke. Met die Chinese inisiatief kry lande in Oos-Afrika die geleentheid om aan te sluit by die BRI en te integreer in ’n nuwe globale stelsel van ekonomiese aktiwiteite. Terwyl China voortdurend op soek is na nuwe ekonomiese geleenthede en die sluit van vennootskappe met geïnteresseerde partye, kan Oos-Afrikane die geleentheid aangryp om hulle eie ekonomiese situasie te verbeter (Second Belt and Road Forum for International Cooperation 2019).

Met grootskaalse finansiële bydraes kan dit sonder twyfel gestel word dat die BRI ’n domino-effek op Oos-Afrika en die res van die kontinent gaan hê. Ekonomies gesproke, kan die BRI China se kapasiteit om in buitelandse projekte te belê verhoog – ’n baie belangrike deel van sy industrialisasieveldtog. FOCAC het al in 2015 die noodsaaklikheid besef dat industrialisasie Afrika ekonomies vinniger in pas met die res van die wêreld sal bring en China het die punt benadruk by opeenvolgende G20 ontmoetings (Alden e.a. 2017). ’n Studie onderneem deur die VN se Ekonomiese Kommissie vir Afrika het bevind dat Oos-Afrika se jaarlikse uitvoere met tot $192 miljoen kan verhoog, indien BRI-projekte suksesvol geloods word (Alden e.a. 2017).

Die spoorlyn wat Mombasa met Nairobi verbind – die grootste belegging in Kenia sedert onafhanklikheidswording – is ’n vlagskip-BRI-projek in Oos-Afrika. Die elektriese spoorlyn van Addis Abeba na Djiboeti, waar China sy eerste buitelandse vlootbasis gebou en beheer in die diepwaterhawe het, is nog ’n voorbeeld. Die hawe in Djiboeti is ’n belangrike strategiese punt om Etiopië se handel op die see uit te brei. Sewentig persent van die land se totale in-en-uitvoere word deur die hawe gekoördineer (Belt & Road News 2019). Die hawe hanteer ongeveer een miljoen vraghouers en sewe miljoen metrieke ton vrag per jaar. Daar word voorspel dat die hawe die kapasiteit het om teen 2020 vier biljoen dollar tot die land se BBP by te dra (Standard Chartered 2019). Die Etiopië-Djiboeti-spoorlyn fasiliteer oorgrenshandel binne die streek in samehang met die 14 industrieleparkprojekte; die Sudan-Khartoem-olieraffinadery en die Eritrea-Hirgigo-kragsentrale. Verder is die Mombasa-Nairobi-spoorlyn en die voorgestelde verlengings na Uganda, Suid-Soedan, Burundi en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) ’n belangrike spoorverbindingsnetwerk om ekonomiese integrasie en ontwikkeling in die streek te bevorder (Standard Chartered 2019).

Die maritieme syroete verbind projekte vanaf Djiboeti, Sudan, Mauritanië, Senegal, Ghana, Nigerië, Gambië, Guinee, Sao Tome en Principe, Kameroen, Angola en Namibië. Die finale boog van die roete verbind Walvisbaai met hawe-enklaves onder Chinese beheer in Mosambiek, Tanzanië en Kenia, voor dit aanbeweeg na Gwadar in Pakistan (Wang 2019).

5.5 Die BRI in Suidelike Afrika

Die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) het met die BRI in samewerking getree om sy industrialisasiestrategie te implementeer. Infrastruktuurontwikkeling is vir beide groepe belangrik om Afrika op die pad van vooruitgang te plaas. Tydens die vierde SAOG-Industrialisasieweek wat in Augustus 2019 in Dar Es Salaam gehou is, het senior amptenare verklaar dat China se BRI die perfekte koppelkanaal vir die SAOG is om sy inisiatiewe van die grond af te kry (Xinhuanet 2019). Die SAOG se industrialisasiestrategie fokus op die

ontwikkeling van agroprosessering, die veredeling van minerale en artsenybereiding. Die BRI kan help om infrastruktuur in Tanzanië, die DRK, Mosambiek en Suid-Afrika op te rig vir die ontwikkeling van die industrieë. Die lande is geïdentifiseer vir die baanbrekerswerk wat hulle alreeds in van hierdie industrieë doen en kan leiers op die gebied word met behulp van BRI-ondersteuning (Nyongesa 2019).

Suid-Afrika was tradisioneel in ’n sterk posisie om as toegangspoort tot Afrika se besigheids- en finansiële markte te dien en beleidsdokumente is ook opgestel deur die Departement van Internasionale Verhoudinge en Samewerking wat die aanspraak versterk het. Met die aankondiging van die BRI is dié ambisieuse doelstelling die nekslag toegedien en is Suid-Afrika agtergelaat met ’n verlies van sy buitelandsebeleidsidentiteit. Die argument is dat die BRI Suid-Afrika se aansien in Afrika skade berokken het, gesien in die lig van die land se diplomasie met Afrika om as ’n leier en ekonomiese mag na vore te tree. Dit is in teenstelling met China se retoriek om wen-wenverhoudinge te bevorder met al sy strategiese en ekonomiese handelsvennote. Op hierdie stadium wil dit voorkom of China besig is om sy pad deur Afrika alleen oop te kerf (Naidoo 2018).

Die kern van Suid-Afrika se buitelandse beleid is ’n diepe erkenning van sy verweefdheid met Afrika se ideale en politieke en ekonomiese koers. Die land se toelating tot BRICS (Brasilië, Rusland, Indië en China) in 2010 het onder andere behels dat legitimiteit aan die Global South Grouping verleen word, nie slegs as gevolg van sy eie insluiting nie, maar ook om Afrika se wye belange by BRICS te verteenwoordig (Chinadaily 2018). Suid-Afrika se relatiewe ekonomiese krag en pan-Afrika-voetspoor het die land toegelaat om die rol as toegangspoort na Afrika te vervul. Suid-Afrika se buitelandsebeleidrolspelers het die land inderdaad as die poort na Afrika bemark. Met die aanvang van die BRI het krake egter in die mondering van BRICS begin wys, in so ’n mate dat die land nie sy vennootskap met China oor die hoof kan sien nie. Dit is belangrik om daarop te let dat Suid-Afrika se ondersteuning van die BRI afhanklik is van die nabyheid aan roetes en die beskikbaarheid van alternatiewe opsies vir ekonomiese groei (Cao, Dai, Li, Ning en Shu 2019). Op ’n positiewe noot is ontleders van mening dat die BRI op die lange duur ook gunstig vir Suid-Afrika gaan wees. Die land ondersteun Agenda 2063 en die algemene doelwitte van die BRI (Nyongesa 2019). Lande in Afrika kan uiteindelik voordeel trek uit die BRI.

5.6 Uitdagings en kritiek teenoor die BRI in Afrika

Afgesien van al die suksesverhale, is daar vele uitdagings. Eerstens moet die kapasiteit van Afrikalande om stabiele ekonomiese groei te bewerkstellig, verbeter word. Streekskonflik, swak ekonomiese aandrywers, beperkte nasionale kapasiteit en ’n tekort aan talent plaas ’n demper op die uitvoering van die inisiatief (Wang 2019). Tweedens moet die besigheids-omgewing in Afrika verbeter word, deur die skepping van meer werksgeleenthede en verkryging van kapitaal vir BRI-beleggingsprojekte. Dit sal ’n bewustheid onder Afrikane skep dat hulle deel is van Afrika se groei en die kontinent as ekonomiese en beleggersvriendelike streek vir die toekoms vestig. China se betrokkenheid in Afrika speel natuurlik ’n groot rol om die geleenthede te verwerklik. Die inisiatief wat hoofsaaklik fokus op ekonomiese samewerking het ’n gunstige besigheidsomgewing nodig, maar plaaslike wetgewing en regulasies verhinder internasionale beleggers om geld in projekte te belê (Wang 2019). Derdens voer westerse waarnemers aan dat die lenings wat China aan Afrikalande toestaan, besig is om tot ’n skuldkrisis te lei. Sodra die lande in gebreke bly om die lenings terug te betaal, word druk op hulle geplaas om China se geopolitieke belange te ondersteun. Westerse ontleders is ook van

mening dat China se BRI-praktyke inderwaarheid neerkom op hegemoniese ambisies en die soewereiniteit van die lande op die roetes uitdaag (Brautigam 2019:6).

Die VSA neem ook standpunt oor die BRI in. Histories het Amerikaanse administrasies geopolitieke en geo-ekonomiese doelwitte nagejaag om mag uit te brei. 'n Liberale, internasionalistiese beleid is ook aan ontwikkelende lande voorgestel in 'n poging om demokrasie en oop ekonomiese stelsels te skep. Dit is in teenstelling met China se model, wat neerkom op die verskaffing van lenings en infrastruktuur sonder enige voorbehoude. Dit het gevolge vir die wyse waarop demokrasie, deursigtigheid en menseregte tussen China en Afrikalande hanteer word (Alden 2007:15). Die VSA beskou die BRI as 'n inisiatief wat ernstig deur China nagestreef word. Die inisiatief het die potensiaal om konflik te veroorsaak in die twee lande se ekonomiese verhoudinge met Afrikalande. Die algemene houding in die Withuis is dat China se ekonomiese model nie op standaard met westerse standaarde en norms is nie. Dit het implikasies vir die BRI, vanweë die verskillende metodes wat deur die Weste en China gevolg word in die aanpak van ekonomiese ontwikkeling (Dollar 2019). Verder het China se geopolitieke ambisies 'n beduidende invloed op die denkrigtings van Amerikaanse strateë en politieke ontleders. Die huidige Amerikaanse administrasie het in 2018 die Prosper Africa Initiative geloods wat ten doel het om handel en ekonomiese ontwikkeling met Afrika te bevorder. China se BRI is egter 'n struikelblok in die pad van die inisiatief, want dit belemmer Amerika se uitreik na Afrikalande om effektiewe handelsbetrekkinge te smee. Die BRI word gesien as 'n doelbewuste poging om Amerikaanse belange in Afrika te marginaliseer en 'n invloedsfeer in Afrika te skep. China se militêre teenwoordigheid word ook beskou as voorwendsel om die BRI-projekte te beskerm. Die persepsie bestaan dat China meer selfgeldende, internasionale gedrag openbaar en die BRI is een fase in sy arsenaal van diplomatieke instrumente om die doelwit te bereik (Dollar 2019).

Die vermoë om skuld terug te betaal is 'n kommerwekkende aspek van die BRI. In Oos-Afrika is Djiboeti en Kenia diep in die skuld by China. Die lande kan hulle hawens op dieselfde manier verloor as Sri-Lanka (die Hambantotahawe) en die Gwadarhawe in Pakistan (Nantulya 2019). In Januarie 2019 het Uganda se ouditeur-generaal gewaarsku dat die land se groeiende skuld asook voorwaardes geplaas op lenings 'n bedreiging vir die land se soewereine bates inhou. Die volgende maand het die parlement in Kenia 'n kommissie van ondersoek ingestel na die omstandighede waaronder die hawe van Mombasa as kollateraal gebruik is om lenings te bekom van China se Uitvoer-Invoerbank (Exim) vir die bou van die Mombasa-Nairobi-spoorlyn (Nantulya 2019).

Kan Afrikalande voordeel trek uit die geleenthede en sekere van die BRI se risiko's versag? Verrekeningsvatbaarheid en deursigtigheid is die sleutel om die vraag te beantwoord. Die publiek en private maatskappye het nie baie insae in die onderhandelingsproses van BRI-projekte nie en dit laat vrae oor die deursigtigheid daarvan ontstaan. Die taak van parlemente, openbare aanklaers en toesighouers is om onderhandelinge te monitor, veiligheidsmaatreëls in te stel en die publiek op hoogte te hou van nuwe verwikkelinge. Beijing is sensitief oor hoe ander lande dit waarneem. Die lesse van Hambantota en Gwada suggereer dat wanneer verantwoordelikheid en toesig afwesig is, risikobestuur toeneem, wat uiteindelik kan lei tot die onvermoë om te betaal (The World News 2020).

Die uitdaging vir Afrika is om te bepaal hoe die kontinent en China kan saamwerk om die BRI 'n suksesverhaal te maak. Waar kan gebiede van samewerking geskep word om Afrika se ontwikkelingsprioriteite te bevoordeel (Nantulya 2019)? Een so 'n gebied is die skepping van

die African Continental Free Trade Area (AfCFTA), maar wat nog verder onderhandel moet word tussen rolspelers op die kontinent (African Union 2020). AfCFTA kan die BRI help om nuwe momentum te gee aan die manier waarop mense en goedere oor grense beweeg (Cavince 2020). Daar is 'n behoefte om beleidsraamwerke op te gradeer en te koördineer en AfCFTA is 'n goeie platform om werk in dié verband te doen. Die infrastruktuurprojekte kan meehelp om AfCFTA tot sy reg te laat kom. Dit sal die vervoer van goedere tussen streke bespoedig en mense makliker tussen grense laat vloei (Cavince 2020).

Ten spyte van die groot verwagtings wat oor die BRI in Afrika geskep is, is die grootte en trefwydte van die inisiatief baie ambisieus, en dit stel groot uitdagings: prakties, ekonomies en polities. Die BRI se visiedokument laat baie ruimte vir spekulasie en die manier waarop Afrikalande gaan baat vind by die inisiatief is 'n punt van bespreking. Een van die implisiete aannames is of die inisiatief suksesvol gaan wees en of die ekonomiese doelwitte wel bereik gaan word (Enderwick 2018: 450–1). Die uiteenlopendheid van die BRI en die uitdagings wat dit inhou vir die suksesvolle implementering in Afrika word kortliks hier onder bespreek.

Oor die algemeen, hou die diversiteit van die lande op die roete 'n uitdaging vir die BRI in. Die probleem in Afrika is die enorme variasies in terme van infrastruktuurpotensiaal soos gemeet deur landmassa, bevolkings, en spoor- en padverbindings (Enderwick 2018:456). Baie van die lande in Afrika het swak of geen infrastruktuur om handel met China te bevorder nie. Die industriële uitsette van Afrika kan ook nie naastenby gemeet word aan produksie in China nie en dit laat vrae ontstaan of Afrika werklik in staat gaan wees om in die vraag uit China te voorsien. Politieke onstabiliteit, korrupsie en beleidskoördinering tussen Afrikalande is 'n verdere stremmende invloed op die haalbaarheid van die BRI op die lang termyn (Weseka 2015:145). Afrikalande binne die BRI verskil op grond van effektiewe regering en sterk instellings. Egipte, Kenia, Nigerië en Suid-Afrika het relatiewe sterk instellings om koördinerings- en implementeringsfunksies uit te oefen, terwyl lande soos Mosambiek, Tanzanië en Etiopië wat voordeel gaan trek aan die Ooskus, swakker instellings het.

Volgens ontleders strek 'n realistiese tydskaal vir die afhandeling van alle projekte en die implementering daarvan oor 20 tot 25 jaar. Die evaluering van handel en ekonomiese groei oor so 'n lang tydperk is besaai met onsekerhede. Die impak van die inisiatief sal nietemin afhang van die effektiewe bestuur van die voorgestelde projekte en samewerking van die betrokke lande (Weseka 2015:146).

Dit is duidelik dat die BRI 'n nuwe fase in China se buitelandse beleid inwy – een wat daarna streef om China se internasionale status te verhoog en die fokus te skuif na streke wat nog nie soveel voordeel getrek het uit die huidige era van globalisasie nie. Nietemin, die fokus van die BRI is nog steeds op uitvoere en infrastruktuurontwikkeling, wat suggereer dat die inisiatief in handelsterme geëvalueer moet word (au.int. 2020).

6. Gevolgtrekking

China het oor die laaste twee dekades grootskaalse infrastruktuurprojekte in die wêreld aangepak en Afrika is geen uitsondering nie. Vandat die Chinese strategie van wêreldwye ekonomiese verowering ("going out policy") in die middel-1990's bekendgestel is, het hulle alle moontlike middele aangewend om ook die politieke en ekonomiese wil van Afrika se leiers te beïnvloed.

Die Chinese leierskap het Afrika intensief begin benader nadat hulle besef het die kontinent beskik oor volop natuurlike hulpbronne wat hulle ekonomiese masjien aan die gang moet hou. Dit het daartoe gelei dat China begin het om olie en ander hulpbronne van die lande in te voer wat ook die begin van die oprigting van infrastruktuurprojekte was om die lande ekonomies sterker te maak en onbelemmerde vloei van die hulpbronne na China te verseker.

In 2000 is FOCAC geloods en hoe meer kwessies van ekonomiese groei op die agendas geplaas is, hoe meer het China ingestem om die lande te help ontwikkel. Die BRI het tydens die byeenkoms van FOCAC in 2015 sterk na vore getree; dit was slegs twee jaar na die bekendstelling en die inisiatief moes in Afrika bemark word. Die hoofdoelwit is om ’n interkontinentale ekonomiese netwerk te bou, wat die lande met mekaar kan verbind. Die inisiatief fokus nie net op die bou van infrastruktuur nie. Die klem is nou ook op die verbetering van interpersoonlike verhoudings tussen Afrikane en Chinese, die uitruil van kennis en solidariteit met die Chinese manier van regering, waardestelsels, ideologie en die skep van ’n nuwe stel internasionale norme en standaarde. Die retoriek om ’n gemeenskaplike toekoms te bou met identiese waardes en belange, is ’n hoofkenmerk van die BRI se internasionale bemarkingsveldtog en Afrikalande verwelkom dit met ope arms, hoofsaaklik omdat hulle in China ’n vriend het wat hulle in omstandighede wat wissel van swaarkry tot sukses sal b ystaan. Die geopolitieke aard van die BRI speel ’n groot rol in die beveiliging van roetes vir die voorsiening en beheer van die besigheids- en politieke landskap. Die VSA was die supermoondheid vir die grootste deel van die vorige eeu en hulle internasionale mag het geweldig afgeneem na die einde van die Koue Oorlog, oorloë in die Midde-Ooste en Afghanistan. Volgens verskeie waarnemers is Asië die groeipunt van ekonomiese aktiwiteite in die 21ste eeu en gaan hulle ’n sterker streek word met die opkoms van China. Die PLA is ongetwyfeld aktief in Afrika en afgesien van hulle ontplooiing in vredesendingsoperasies het hulle personeel wat Chinese fasiliteite in Afrika beskerm. Die militêre basis in Djiboeti is ’n sprekende voorbeeld. Dit sluit aan by die geopolitieke aandrywers om voorwaartse mag te projekteer. Die PLA gaan ’n meer prominente rol in toekomstige beveiliging van Chinese belange in Afrika speel.

Deursigtigheid van die Chinese regering om effektiewe projekbestuur toe te pas, staan uit as een van die groot gebreke in die BRI. Orals langs die roetes word projekbestuurders beskuldig van swak besluitneming en een daarvan is kritiek teenoor die vinnige spoed waarteen projekte voltooi word en die onwilligheid om gehalte- en risikobestuur toe te pas (Ndzendze en Monyae 2019:8). Die persepsie bestaan dat Chinese infrastruktuurprojekte nie die toets van die tyd gaan weerstaan nie en dat onderhoud van die projekte ’n groot probleem vir die gasheerlande gaan word. Dit word gebou om vinnig ekonomiese wins te maak en neem nie lewensvatbaarheid in ag nie.

Die poging van China om lenings aan lande beskikbaar te stel vir die oprigting van infrastruktuur en ekonomieseontwikkelingsprojekte word wyd en syd deur waarnemers gekritiseer. Soos die projekte vorder en lande groter lenings aanvra, begin hulle sukkel om die lenings terug te betaal en val dan in die sogenaamde skuldlokval. Die munt wat China daaruit slaan is om ’n aandeel te kry in fisiese en geografiese bates van die lande, byvoorbeeld gelyke beheer van strategiese hawens soos in Sri-Lanka en Djiboeti. Groter beheer van olie- en gasvelde en inmenging in die lande se ekonomiese en politieke strukture is ook aan die gebeur.

COVID-19 is ’n tydelike terugslag vir die kontinuïteit van die BRI-projekte en dit gaan die logistieke deel beslis beïnvloed. Die gesondheid van werkers is natuurlik belangrik en die

Health-Silk-Route Mask Diplomacy is aangekondig om die vertroue van bondgenote terug te wen en die "sagter" kant van die Chinese leiers te sien. Die aanduidings is daar dat die rooi draak sterker as ooit tevore uit die krisis gaan tree en ander groot moondhede kan hulleself maar staal vir groter magswedywering en Chinese selfgeldende gedrag.

Ten slotte word gesê dat die BRI deel is van China se geopolitieke en geo-ekonomiese ambisies. Geopolities wil China sy mag in die BRI streke vermeerder en geo-ekonomies wil China ekonomiese voordeel trek uit handeldryf met samewerkende lande. Ten opsigte van die laaste stelling verwys die geo-ekonomiese aard van die BRI na China se gebruik van ekonomiese instrumente om geopolitieke doelwitte na te jaag. Dit sluit in die oprigting van infrastruktuur en die oopmaak van handelsroetes wat China se wyer internasionale ambisies as 'n grootmoondheid uitlig.

Bibliografie

Adejumobi, S. en A. Olukoshi. 2019. *The African Union and new strategies for development in Africa*. Illinois: Cambria Press.

African Union. 2020. Agenda 2063: The Africa We Want. https://au.int/en/agenda2063/overview (13 Augustus 2020 geraadpleeg).

Alden, C. 2007. *China in Africa*. Londen: Zed Books.

Alden, C., E. Sidiropoulos en Y.S. Wu. 2017. China's Belt and Road Initiative: Where does Africa fit? 29 Mei. https://saiia.org.za/research/china-s-belt-and-road-initiative-where-does-africa-fit (5 Maart 2020 geraadpleeg).

Belt & Road News. 2019. Role of BRI on the Economic integration in Eastern Africa. 15 Mei. https://www.beltandroad.news/2019/05/15/the-role-of-bri-on-the-economic-integration-in-eastern-africa (12 Augustus 2020 geraadpleeg).

Bialostocka, O. en T. Simelane. 2016. *New African thinkers: Agenda 2063*. Drivers of change. Pretoria: HSRC Press.

Brautigam, D. 2020. A critical look at Chinese "debt-trap diplomacy": The rise of a meme. *Area Development and Policy*, 5(1):1–14.

Calabrese, L. 2019. *China and global development: What to read ahead of the Belt and Road Forum*. Londen: Overseas Development Institute.

Cao, Y., Z. Dai, X. Li, Y. Ning en Y. Shu. 2019. How do South African media report the Belt and Road Initiative? 21 Oktober. https://chinaafricaproject.com/student-xchange/how-do-south-african-media-report-the-belt-and-road-initiative (16 Augustus 2020 geraadpleeg).

Cavince, A. 2020. Maintain cordial ties with China to maximise benefits from BRI. 20 Julie. https://www.standardmedia.co.ke/commentary/article/2001379613/maintain-cordial-ties-with-china-to-maximise-benefits-from-bri (15 Augustus 2020 geraadpleeg).

Chatzky, A. en J. McBride. 2020. China's massive Belt and Road Initiative. 28 Januarie. https://www.cfr.org/backgrounder/chinas-massive-belt-and-road-initiative (20 Februarie 2020 geraadpleeg).

Chen, Y. 2019. Does the connectivity of the Belt and Road Initiative contribute to the economic growth of the belt and road countries? *Emerging Markets Finance and Trade*, 55(14):3227–40.

Chinadaily. 2018. South Africa looks forward to further progress of BRI. 17 Desember. https://global.chinadaily.com.cn/a/201812/17/WS5c170c25a3107d4c3a001280.html (14 Augustus 2020 geraadpleeg).

Demissie, A., M. Wiegel en X. Tang. 2016. *China's Belt and Road Initiative and its implication for Africa*. Nairobi: WWF Publishers.

Dollar, D. 2019. Understanding China's Belt and Road infrastructure projects in Africa. 30 September. https://www.brookings.edu/research/understanding-chinas-belt-and-road-infrastructure-projects-in-africa (10 September 2020 geraadpleeg).

Dupont, A. 2016. Will China rule the world? Asian superpower faces uncertain future. 8 Oktober. https://www.lowyinstitute.org/publications/will-china-rule-world-asian-superpower-faces-uncertain-future (11 Augustus 2020 geraadpleeg).

Enderwick, P. 2018. The economic growth and development effects of China's One Belt One Road Initiative. *Strategic Change*, 27:447−54.

Evans, M. 2020. The Impact of COVID-19 on China's Belt and Road Initiatives in Africa. 31 Maart. https://www.bakermckenzie.com/en/newsroom/2020/03/bri-africa (24 Julie 2020 geraadpleeg).

Flint, C. en X. Zhang. 2016. The belt and road and the innovation of geopolitical theory. *Foreign Affairs Review*, 33(3):1–24.

Ghiasy, R. en J. Zhou. 2017. *The Silk Road Economic Belt: Considering security implications and EU–China cooperation prospects*. Swede: Stockholm International Peace Research Institute.

Giancarlo, E.V. 2019. President Xi Jinping's Diplomacy Doctrine. 11 September. https://moderndiplomacy.eu/2019/09/11/president-xi-jinpings-diplomacy-doctrine (10 Februarie 2020 geraadpleeg).

Hakeenah, N. 2020. China's Belt and Road Initiative, AfCFTA to anchor Africa's economy. 11 April. https://theexchange.africa/countries/china-belt-road-initiative-afcfta-africa-economy (15 Augustus 2020 geraadpleeg).

Heiduk, F. en A. Sakaki. 2019. Introduction to the Special Issue, China's Belt and Road Initiative: The View from East Asia. *East Asia*, 36:93–113.

Hoffmann, S.A. 2018. *India and the China crisis*. Kalifornië: University of California Press.

Jones, L. en J. Zeng. 2019. Understanding China's "Belt and Road Initiative": beyond "grand strategy" to a state transformation analysis. *Third World Quarterly*, 40(8):1415–39.

Jones, L. 2020. Beyond China, Inc. Understanding Chinese companies. 16 Januarie. https://longreads.tni.org/stateofpower/understanding-chinese-companies-beyond-china-inc (11 Augustus 2020 geraadpleeg).

Karlis, T. en D. Polemis. 2019. The Belt and Road Initiative: A geopolitical analysis. April. https://www.researchgate.net/publication/332350130 (14 September 2020 geraadpleeg).

Kfir, I. 2018. Understanding the BRI in Africa and the Middle East. 13 Februarie. https://www.aspistrategist.org.au/understanding-bri-africa-middle-east (6 Maart 2020 geraadpleeg).

Kipgen, N. 2020. *The politics of South China Sea disputes*. Londen: Routledge India.

Ministry of Commerce, People's Republic of China. 2019. Statistics on China-Africa trade in 2018. 26 Januarie. http://english.mofcom.gov.cn/article/statistic/lanmubb/AsiaAfrica/201901/20190102831255.shtml (10 Augustus 2020 geraadpleeg).

Naidoo, T. 2018. South Africa's dilemma in the Belt and Road Initiative: Losing Africa for China? 26 Februarie. https://www.fes-connect.org/trending/south-africas-dilemma-in-the-belt-and-road-initiative-losing-africa-for-china (10 Augustus 2020 geraadpleeg).

Nantulya, P. 2019. Implications for Africa from China's One Belt One Road Strategy. 22 Maart. https://africacenter.org/spotlight/implications-for-africa-china-one-belt-one-road-strategy (6 Januarie 2020 geraadpleeg).

Ndzendze, B. en D. Monyae. 2019. China's Belt and Road Initiative: Linkages with the African Union's Agenda 2063 in historical perspective. *Transnational Corporations Review*, 11(1):38−49.

Nicolas, D.P. 2015. Chinese infrastructure in South Asia: A realist and liberal perspective. M-verhandeling, Naval Postgraduate School. Monterey California.

Nye, J. 2004. *Soft power. The means to success in world politics*. Washington: PublicAffairs.

Nyongesa, G. 2019. Region in Africa sees BRI as way to prosper. 23 Augustus. http://www.chinadaily.com.cn/a/201908/23/WS5d5f3ad2a310cf3e35567720.html (16 Augustus 2020 geraadpleeg).

Ratanavaraha, K.R. 2018. The Belt and Road Initiative: A proof of China's liberal stance or a tool to influence the world? M-verhandeling, Geneva Centre for Security Policy. University of Geneva.

Risberg, P. 2019. The give-and-take of BRI in Africa. 8 April. https://www.csis.org/give-and-take-bri-africa (6 Mei 2020 geraadpleeg).

Savic, B. 2020. China's new digital industrial transformation. 19 Junie. https://thediplomat.com/2020/06/chinas-new-digital-industrial-transformation (6 Augustus 2020 geraadpleeg).

Second Belt and Road Forum for International Cooperation. 2019. Xi Jinping Chairs and Addresses the Leaders' Roundtable of the Second Belt and Road Forum for International Cooperation (BRF). 28 April. http://www.beltandroadforum.org/english (16 Augustus 2020 geraadpleeg).

Standard Chartered. 2019. Belt and Road in Africa: East Africa's early advantage. 6 September. https://www.sc.com/en/feature/br-in-africa-east-africas-early-advantage (12 Augustus 2020 geraadpleeg).

Shepard, W. 2020. China's "Health Silk Road" gets a boost from COVID-19. 27 Maart. https://www.forbes.com/sites/wadeshepard/2020/03/27/chinas-health-silk-road-gets-a-boost-from-covid-19/#7af4affd6043 (10 Mei 2020 geraadpleeg).

State Council Information Office. 2018. SCIO briefing on development of Belt and Road Initiative. 29 Augustus. http://english.scio.gov.cn/pressroom/2018-08/29/content_60858744.htm (10 Februarie 2020 geraadpleeg).

Stockholm International Peace Research Institute. 2020. New SIPRI data reveals scale of Chinese arms industry. 27 Januarie. https://www.sipri.org/media/press-release/2020/new-sipri-data-reveals-scale-chinese-arms-industry (4 Augustus 2020 geraadpleeg).

The Guardian. 2019. China will build string of military bases around the world, says Pentagon. 2 Mei. https://www.theguardian.com/world/2019/may/03/china-will-build-string-of-military-bases-around-world-says-pentagon (14 September 2020 geraadpleeg).

The World News. 2020. China Belt and Road Initiative: "Africa needs China to implement AfCFTA". 6 Augustus. https://theworldnews.net/za-news/china-belt-and-road-initiative-africa-needs-china-to-implement-afcfta (16 Augustus 2020 geraadpleeg).

Tiezzi, S. 2018. China's Belt and Road makes inroads in Africa. 31 Julie. https://thediplomat.com/2018/07/chinas-belt-and-road-makes-inroads-in-africa (1 Maart 2020 geraadpleeg).

Tonchev, P. 2020. The Belt and Road after COVID-19. 21 April. https://thediplomat.com/2020/04/the-belt-and-road-after-covid-19 (2 Mei 2020 geraadpleeg).

Vanguard News. 2020. How China's Belt and Road Initiative affects Nigeria, Africa. 28 Januarie. https://www.vanguardngr.com/2020/01/how-chinas-belt-and-road-initiative-affects-nigeria-africa (27 Februarie 2020 geraadpleeg).

Vickers, B. 2017. *A handbook on regional integration in Africa: Towards Agenda 2063*. Londen: The Commonwealth Secretariat Publishers.

Voon, J.P. en X. Xu. 2020. Impact of the Belt and Road Initiative on China's soft power: preliminary evidence. *Asia-Pacific Journal of Accounting & Economics*, 27(1):120–31.

Wang, L. en Y. Meng. 2018. The evolution of China-Africa ties in 1,200 years. 28 Augustus. https://news.cgtn.com/news/3d3d774d776b7a4e79457a6333566d54/share_p.html (10 Maart 2020 geraadpleeg).

Wang, L. 2019. China-Africa cooperation under the Belt and Road Initiative (BRI): Africa sees the way forward. 23 Maart. https://www.globalresearch.ca/china-africa-cooperation-under-the-belt-and-road-initiative-bri-africa-sees-the-way-forward/5672354 (4 Maart 2020 geraadpleeg).

Weinhardt, C. en B. ten Brink. 2020. Varieties of contestation: China's rise and the liberal trade order. *Review of International Political Economy*, 27(2):258–80.

Wekesa, B. 2015. China's Silk Road Economic Belt: African perspectives and implications. *African East-Asian Affairs*, 2:144–61.

White and Case.com. 2018. Belt and Road in Africa. 7 Februarie. https://www.whitecase.com/publications/insight/belt-and-road-africa (10 Februarie 2020 geraadpleeg).

Xinhuanet. 2019. Southern Africa bloc links with China's BRI over industrialization strategy. 5 Augustus. http://www.xinhuanet.com/english/africa/2019-08/05/c_138283451.htm (15 Augustus 2020 geraadpleeg).

Zhou, W. en M. Esteban. 2018. Beyond Balancing: China's approach towards the Belt and Road Initiative. *Journal of Contemporary China*, 27(112):487–501.

Zhu, Y., K. Edney en S. Rosen. 2019. *Soft power with Chinese characteristics: China's campaign for hearts and minds*. Londen: Routledge.

Zou, L. 2018. *The political economy of China's Belt and Road Initiative*. Singapoer: World Scientific Publishing.